

GEBRUIK WATER OORDEELKUNDIG

'N NASIONALE WATERHULPBRONSTRATEGIE VIR SUID- AFRIKA

Inligtingsdokument

Augustus 2002

U KOMMENTAAR WORD INGEWAG

Hierdie Inligtingsdokument is in 11 tale beskikbaar. Dit laat die kollig val op die belangrikste kwessies in die Opsomming van die voorgestelde Nasionale Waterhulpbronstrategie, wat in Augustus 2002 vir kommentaar in die Staatskoerant gepubliseer is.

Hoewel die Departement van Waterwese en Bosbou reeds met die publiek oorleg gepleeg het oor verskeie aspekte van hierdie Strategie, is dit belangrik om u mening oor die Strategie as geheel te kry.

**Lewer asb kommentaar voor
Vrydag 31 Januarie 2003.**

U kan op verskeie maniere kommentaar lewer: Vul die bygaande kommentaarblad in, skryf 'n brief, stuur 'n e-pos, of woon een van die openbare vergaderings by wat tussen September en November 2002 dwarsdeur die land gehou gaan word (sien die lys aan die einde van hierdie dokument).

Ons versoek u om te help om hierdie dokument onder histories benadeelde mense te versprei, insluitende u werknemers. Verdere eksemplare is verkrygbaar van:

NWHS-Kantoor vir Openbare Oorlegpleging

Me Toni Pietersen / Me Qondile Sibiya
Posbus 95823, Waterkloof, 0145
Tel: (012) 362 0848
Faks: (012) 362 0869
E-pos: toni@liaison.co.za OF
qondile@liaison.co.za

**Die volledige en opgesomde
weergawes van die Voorgestelde
Strategie is beskikbaar op openbare
plekke dwarsdeur die land (sien die
lys aan die einde van hierdie
dokument) of op: www.dwaf.gov.za.**
U kan ook deur hierdie webwerf
kommentaar lewer.

Die Departement van Waterwese en Bosbou het 'n voorgestelde Nasionale Waterhulpbronstrategie opgestel vir kommentaar deur die mense van Suid-Afrika.



Die Nasionale Waterhulpbronstrategie beskryf hoe Suid-Afrika se waterhulpbronne beskerm, gebruik, ontwikkel, bewaar, bestuur en beheer sal word.

Omdat die Strategie 'n uitwerking kan hê op die wyse waarop ons almal water gebruik en waardeer, is dit belangrik dat mense kommentaar lewer op die voorgestelde Strategie.

1. WAAROM HET ONS 'N STRATEGIE NODIG?

Water gee lewe. Dit besproei die landerye van boere; dit besproei die gewasse en word gedrink deur die vee van landelike gemeenskappe; dit bied ontspanning; dit steun ons elektrisiteitsopwekking, ons dorpe en stede, ons myne, ons nywerhede en die plante en diere wat ons natuurlike erfenis uitmaak.

Betroubare en veilige drinkwater, water vir sanitasie en higiëne en water vir gewasverbouing is van kritieke belang om armoede in Suid-Afrika te verlig. Landelike ontwikkeling en stedelike vernuwing is van water afhanklik om hulle oogmerke te verwesenlik.

Die vernaamste verantwoordelikheid van die Departement van Waterwese en Bosbou is om te verseker dat genoeg water van 'n aanvaarbare gehalte beskikbaar is om in basiese menslike behoeftes te voorsien en ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te steun.

Suid-Afrika is egter 'n droë land. Ons het net beperkte watervoorrade. Ons bevolking groei voortdurend. Daar is 'n steeds toenemende behoefte aan stedelike en ekonomiese ontwikkeling en 'n immer groeiende vraag na water. Terselfdertyd veroorsaak menslike bedrywighede besoedeling en probleme rakende watergehalte.

As 'n land kan ons dit nie bekostig om bloot op probleme van watergehalte en waterskaarste te reageer wanneer hulle ontstaan nie. Ons moet 'n geordende langtermynplan hê om hierdie uitdagings die hoof te bied en te wys hoe elke Suid-Afrikaner 'n rol kan speel. Dit is die doel van die Nasionale Waterhulpbronstrategie.

2. IS DIE NASIONALE WATERHULPBRONSTRATEGIE IN OOREENSTEMMING MET SUID- AFRIKA SE GRONDWET?

Die Grondwet is die grondliggende wet van die land. Alle ander wette moet in ooreenstemming met die Grondwet wees.

Die Grondwet bepaal dat *elkeen die reg het op genoeg voedsel en water en dat elkeen die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid en welsyn is nie.*

Suid-Afrika het ook Agenda 21 onderteken, wat die internasionale plan vir volhoubare ontwikkeling is.

Die Grondwet en Agenda 21 was in 1997 die riglyne vir Suid-Afrika se nuwe Nasionale Waterbeleid. Die beleid beskryf hoe water bestuur en toegeken sal word volgens ons nuwe waardes as 'n samelewing.


Om die waterbeleid in die praktyk toe te pas, is twee nuwe wette aangeneem:

Die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998)

- Hierdie Wet handel oor die bestuur van waterhulpbronne. Die doel daarvan is om te verseker dat daar water vir basiese menslike behoeftes en vir ekonomiese ontwikkeling sal wees, nou en in die toekoms. Die Nasionale Waterhulpbronstrategie handel oor hierdie aspek van waterbestuur.

Die Wet op Waterdienste (Wet 108 van 1997)

- Hierdie Wet bied die reg van toegang tot basiese watervoorsiening en sanitasie. Dit handel oor hoe waterdiensverskaffers soos waterrade en munisipaliteite water verskaf aan huishoudelike en nywerheidsgebruikers van water. *Die Nasionale Waterhulpbronstrategie handel nie oor hierdie kwessies nie. Daar is 'n afsonderlike proses vir watervoorsiening en sanitasie. Die maniere waarop waterdienste deur plaaslike owerhede aan verbruikers gelewer gaan word, sal beskryf word in die waterdienste-ontwikkelingsplanne wat elke waterdienste-owerheid moet opstel.*



Figuur 1. Suid-Afrika se Grondwet en Agenda 21 was in 1997 die riglyne vir die Nasionale Waterbeleid. Die beleid het aan ons die visie vir 'n beter watertoekoms in Suid-Afrika gegee. Die Nasionale Waterwet van 1998 het vir ons die wetlike instrumente gegee om dié visie te verwesenlik. Die Nasionale Waterhulpbronstrategie is 'n nasionale raamwerk om dié visie te implementeer.

3. WAT IS ANDERS AS IN DIE VERLEDE?

Ons waterbeleid en die Nasionale Waterwet toon dat water in die toekoms anders bestuur en toegewys sal word:

- Water is 'n natuurlike hulpbron. Dit behoort aan al die mense van Suid-Afrika. Die Departement moet namens die mense van Suid-Afrika sorg vir die hulpbron (water en sy omgewing).
- Die enigste wetlike reg op water is water vir basiese menslike behoeftes (d.i. voedselbereiding, drink en persoonlike higiëne) en vir die omgewing. In die Nasionale Waterwet word dit "die Reserwe" genoem. Die Departement kan water toewys slegs nadat water vir die Reserwe opsy gesit is.
- Die Wet bepaal dat mense aan die bestuur van waterhulpbronne moet deelneem. Die bestuur van waterhulpbronne sal op die laagste moontlike vlak geskied. Met die oog hierop maak die Wet voorsiening vir instellings waaraan die publiek kan deelneem.
- Waterhulpbronne sal as geheel bestuur word. Riviere, damme, vleilande, die omliggende grond, ondergrondse water asook menslike bedrywighede wat dit beïnvloed, sal as een siklus bestuur word.


4. WAT IS DIE TOESTAND VAN SUID- AFRIKA SE WATERHULPBRONNE VANDAG?

4.1 Het ons genoeg water?

Suid-Afrika is 'n droë land. Ons gemiddelde reënval is ongeveer 450 mm per jaar. Dit is veel minder as die wêreldgemiddelde van sowat 860 mm per jaar. Ons reënval wissel baie van jaar tot jaar. Die land ondervind ook periodieke droogtes.

Suid-Afrika se riviere is klein in vergelyking met die riviere van ander lande. Die Oranjerivier bevat net ongeveer 10% van die water in die Zambezirivier. Al Suid-Afrika se riviere saam het minder as die helfte van die water in die Zambezi. Ons deel ook baie van ons riviere, soos die Oranje/Senqu en die Limpopo, met ander lande wat ook die water uit hierdie riviere gebruik.

'n Studie deur die Departement toon dat 11 van die 19 waterbestuursgebiede (sien Figuur 3) in die land 'n waterprobleem het. In hierdie gebiede gebruik mense so baie water dat die omgewing onder kwaaï stres verkeer, en ander gebruikers kan nie hulle billike deel van die water kry nie.



Grondwater is baie belangrik in die landelike gebiede, maar Suid-Afrika het min groot grondwaterdraers wat op groot skaal gebruik kan word.

4.2 Het ons water van die regte gehalte?

Nie al ons water is van goeie gehalte nie. 'n Deel daarvan is besoedel.


Dwarsoor die land het organisasies en individue elke dag 'n uitwerking op die watergehalte in ons riviere en strome, ons grondwater en ons vleilande. Selfs huishoudelike watergebruikers het 'n uitwerking op watergehalte deurdat hulle verf, olie of ander skadelike produkte in ons waterafvoertipe stort.

Ernstige watergehalteprobleme in Suid-Afrika is die gevolg an afvalwater van nywerhede en myne, bemetingstowwe in die landbou, erosie, huishoudelike afval, gebrekkige sanitasie en baie ander bedrywighede. Dit veroorsaak probleme met watergehalte soos 'n hoë soutinhoud, suur water, besmetting deur bakterieë en besoedeling deur toksiese stowwe. Waterbesoedeling veroorsaak baie probleme. Byvoorbeeld, bakterieë wat in die water beland as gevolg van 'n gebrek aan sanitasie, kan cholera veroorsaak wat tot mense se dood kan lei. Dit is ook duur om besoedelde water te behandel sodat dit weer gebruik kan word, en dit beteken mense moet meer vir water betaal.

4.3 Gebruik ons ons water doeltreffend?

Sowat 60% van alle water in die land word in die landbou gebruik vir besproeiing. Huishoudelike en stedelike gebruikers gebruik ongeveer 11%, en die myne en groot nywerhede sowat 8%. Kommersiële bosbouplantasies gebruik ook nagenoeg 8%.

Party ekonomiese sektore soos vervaardiging en elektrisiteitsopwekking gebruik min water om 'n groot inkomste vir die land en sy mense te verdien (dit word die Bruto Binnelandse Produk of BBP genoem). Hulle verskaf ook werk aan baie mense. Ander sektore, soos besproeiingslandbou, gebruik baie water vir minder inkomste en werkverskaffing.




OPSOMMING:

Ons het te min water. Namate ons bevolking groei en die behoefte aan ontwikkeling steeds toeneem, sal ons dit al hoe moeiliker vind om genoeg water van aanvaarbare gehalte te kry.

Nie al ons water is van goeie gehalte nie. Ons moet streng reëls hê om waterbesoedeling te voorkom en om besoedeling wat nie vermy kan word nie, te bestuur.

Sommige ekonomiese sektore gebruik water nie so doeltreffend as wat hulle kan nie. Die Nasionale Waterhulpbronstrategie is daarop gemik om dié situasie mettertyd te verander sodat ons die meeste maatskaplike en ekonomiese voordele uit die minste water kan put.




Figuur 3. Suid-Afrika is in 19 waterbestuursgebiede verdeel (Goewermentskennisgewing Nr. 1160, Oktober 1999). Let op dat elke waterbestuursgebied 'n nommer het. Elf van hierdie gebiede het minder water beskikbaar as wat nodig is.

5. HOE GAAN WATERHULPBRONNE IN DIE TOEKOMS BESTUUR WORD?

5.1 Beginsels van waterbestuur

Ons moet water oordeelkundig gebruik. Drie belangrike beginsels van ons Waterbeleid en Nasionale Waterwet is riglyne vir alles wat ons doen in waterbestuur:

- **Volhoubaarheid.** Dit beteken dat ons water moet gebruik om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder, maar terselfdertyd moet ons ook die omgewing beskerm omdat ons water uit die omgewing afkomstig is. As ons 'n goeie balans tussen die benutting en die beskerming van waterhulpbronne het, beteken dit ons kan in ons eie waterbehoefte voorsien en ook in die behoeftes van ons kinders en ons kinders se kinders.
- **Billikheid.** Dit beteken dat elke burger van die land toegang tot water en die voordeel van die gebruik van water moet hê. Watertoekennings moet dit weerspieël.
- **Doeltreffendheid.** Dit beteken dat ons moet verseker dat water nie vermors word nie. Water moet tot ons grootste maatskaplike en ekonomiese voordeel aangewend word.




Figuur 4. As iets volhoubaar moet wees, moet dit help om ekonomiese groei te skep, dit moet billik wees oor wie daaruit voordeel trek (maatskaplik en ekonomies), en dit moet nie die omgewing benadeel nie (ekologiese integriteit).

5.2 Oogmerke van waterbestuur

Ons het nie baie water nie. Ons waterhulpbronne kry met steeds groter aansprake en bedreigings te doen. In die verlede is water nie billik toegewys nie. Water word dikwels vermors. Gevolglik het die Departement oogmerke vir waterbestuur gestel om ons na 'n beter watertoekoms te lei:

- Maak seker daar is genoeg water vir basiese menslike behoeftes.
- Maak seker die natuurlike omgewing word beskerm.
- Maak seker dat almal gelyke toegang tot water het.
- Maak seker dat water nie vermors word nie en dat dit doeltreffend gebruik word.
- Maak seker daar is genoeg water vir die toekoms, vir 'n gesonde ekonomie en 'n vooruitstrewende samelewing.
- Maak seker almal betaal hulle billike deel vir die koste van water wat hulle gebruik; met ander woorde, dat daar billikheid is in die betaling vir water.
- Kom ons verpligtinge na teenoor ons bure, Lesotho, Swaziland, Mosambiek, Zimbabwe, Botswana en Namibië.

Ons sal genoeg water hê, en genoeg water van die regte gehalte, slegs as ons water oordeelkundig gebruik. Dit is die doel van die Nasionale Waterhulpbronstrategie.



5.3 Ontwikkeling van 'n Nasionale Waterhulpbronstrategie

Die Nasionale Waterhulpbronstrategie is 'n raamwerk waarin al die verskillende strategieë wat ons nodig het om waterhulpbronne te bestuur, op 'n gestruktureerde wyse saamgevoeg kan word. Die Nasionale Waterwet bepaal dat die Strategie ten minste elke vyf jaar hersien moet word.

Dit beteken nie dat ons vyf jaar gaan wag voordat ons dit begin implementeer nie. Spanne mense was en is besig met die ontwikkeling van metodes en prosedures om die verskillende komponente van die Strategie te implementeer, en met die publikasie van dele daarvan vir kommentaar in die Staatskoerant, selfs nog voordat die Nasionale Waterhulpbronstrategie self vir publikasie gereed was. Vir ander komponente van die Strategie word die gedetailleerde metodes, prosedures en regulasies nog ontwikkel.

Ons kan nie nuwe beleid en wetgewing oornag implementeer nie. Ons moet prioritiseer en fokus op sekere aktiwiteite in die waterbestuursgebiede waar optrede die dringendste nodig is, soos gebiede waar daar nie genoeg water is nie en gebiede waar water besoedel is.

Steun vir die Nasionale Waterhulpbronstrategie – aanvullende strategieë

- **Kapasiteitsbou**, soos om onderwys- en opleidings-organisasies te versoek om gespesialiseerde kursusse, diploma- en graadkursusse en beursprogramme te ontwikkel.
- **Openbare deelname** om elkeen wat aan waterbestuur wil deelneem, in staat te stel om dit te doen. Die Departement het reeds riglyne vir openbare deelname ontwikkel.
- **Opvoeding en bewusmaking** – om bewustheid van water as 'n skaars en waardevolle hulpbron onder Suid-Afrikaners te verhoog. Die Wateropvoedingsprogram – 2020 Visie vir Water – is reeds aktief in 10 000 skole dwarsoor die land en gaan na tersiêre instellings uitgebrei word.
- Navorsing om kennis en begrip te ontwikkel om die bestuur van ons waterhulpbronne te verbeter.



6. WAT IS “WATERGEBRUIK”?

Die Nasionale Waterwet het 'n praktiese benadering tot water. In artikel 21 word elf verskillende tipes watergebruik omskryf:


- **Om water uit 'n hulpbron** soos 'n stroom, rivier, waterdraer, vleiland of riviermonding te neem om dit te gebruik.
- **Om water op te gaar** soos om dit in 'n dam te hou.
- **Om die vloei van water te belemmer of weg te keer**, soos byvoorbeeld wanneer die watervloei in 'n stroom of rivier geblokkeer of verander moet word sodat 'n nuwe pad gebou kan word.
- **Om stroomvloei te verminder**, deur reënwater te gebruik om bome of gewasse soos kommersiële bosbouplantasies te kweek wat baie meer water as die natuurlike plante gebruik. Dit beteken dat die reënwater wat in die riviere sou beland het, deur die bome en gewasse gebruik word.
- **Beheerde bedrywighede**, soos besproeiing met afvalwater.
- **Om afvalwater regstreeks** in 'n waterhulpbron te stort.
- **Die wegdoen van afvalwater** in oksidasiedamme, verdampingsdamme, ens.
- **Die wegdoen van verhitte afvalwater** van nywerhede en kragstasies.
- **Om die bedding, walle of loop van 'n waterloop te verander** soos wanneer 'n rivier of stroom in 'n kanaal omskep word of wanneer sand uit die walle of bedding van 'n rivier gemyn word vir konstruksiedoeleindes.
- **Om ondergrondse water te verwyder** vir bedrywighede soos mynbou en konstruksie.
- **Ontspanning**, watersport soos swem.

Die Wet laat ons toe om water op talle verskillende maniere te gebruik met die oog op maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling. Party van hierdie maniere kan 'n invloed op die waterhulpbron hê as dit nie behoorlik bestuur word nie. Byvoorbeeld, die Wet laat nywerhede toe om hulle afval in riviere of strome te stort, maar slegs as dit met die Departement se toestemming gedoen word en as streng reëls gevolg word om hierdie water te suiwer. So word die waterhulpbron en ander gebruikers beskerm.

7. HOE GAAN ONS ONS WATERHULPBRONNE TEEN OORBENUTTING EN BESOEDELING BESKERM?

Suid-Afrika het 'n ernstige behoefte aan maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en armoedeverligting deur werkskepping. Daarvoor is water nodig. Terselfdertyd erken die Nasionale Waterwet ook dat dit nie prakties of realisties is om alle invloede op watergehalte te vermy nie, anders sal daar geen ekonomiese groei of maatskaplike gelykheid wees nie.

Gevolglik verskaf die Wet in Hoofstuk 3 wetlike besluitnemingsinstrumente wat sal saamwerk om 'n balans te kry tussen die beskerming en die benutting van waterhulpbronne (sien Figuur 5 en hieronder).



Figuur 5. Die beskerming van waterhulpbronne.

7.1 Beskerming van die toestand van die waterhulpbron – hulpbrongerigte maatreëls

Hulpbrongerigte maatreëls sal omsien na die gehalte van water, die hoeveelheid water, die diere wat in die waterhulpbron lewe en die plantegroei rondom die waterhulpbron. Dit alles moet gesond wees om die waterhulpbron behoorlik te laat funksioneer en om water te verskaf.


Eerstens sal die Departement **'n nasionale stelsel ontwikkel om alle waterhulpbronne in die land te klassifiseer**. Elke klas sal toon watter tipe invloede aanvaarbaar is om die hulpbron te beskerm, en watter nie. Die klas sal ook toon hoeveel water gebruik kan word. Die volgende bestuursklasse word oorweeg:

- **Natuurlik**, waar mense nog nie 'n groot uitwerking op die waterhulpbron gehad het nie en waar die hulpbron nog na aan die oorspronklike natuurlike toestande is, soos bergstrome.
- **Goed**, waar die hulpbron reeds effens tot matig verander is deur menslike invloede.
- **Redelik**, waar die waterhulpbron baie verskil van sy oorspronklike toestand.
- **Swak**, 'n klas onder redelik, waar die doel is om dit tot redelik te verbeter.

Tweedens sal die Departement die **klas van elke beduidende waterhulpbron in die land bepaal en ook, met inspraak van belanghebbendes, 'n gewenste toekomstige klas vasstel**. Watergebruikers sal help besluit hoe hulle wil hê hulle waterhulpbronne in die toekoms moet lyk, sodat waterbestuur die toestand van die hulpbron oor tyd kan verbeter. Klassifikasie van waterhulpbronne sal oor die volgende 10 tot 15 jaar gedoen word, en daar sal begin word met die gebiede waar optrede dringend nodig is.

Derdens, sodra 'n toekomstige gewenste klas van 'n waterhulpbron bepaal is, sal die Departement sy **hulpbrongehalte-oogmerke bepaal**. Hierdie oogmerke sal vir bestuurders sê wanneer hoeveel water nodig is om die hulpbron gesond te hou. Dit sal vir bestuurders sê wat die gehalte van die water behoort te wees en wat die toestand van die diere en plante behoort te wees.

Terselfdertyd sal die Departement die **Reserwe vir alle waterhulpbronne in die land bepaal**. Die Reserwe word in Figuur 6 verduidelik. Slegs nadat die Reserwe bepaal is en water opsy gesit is om daaraan te voldoen, kan water vir enige ander gebruik toegeken word.



Figuur 6. Verduideliking van die Reserwe. Die figuur toon ook hoe die Departement die toewysing van water sal prioritiseer. Die Reserwe geniet die hoogste prioriteit.

7.2 Bekamp besoedeling en oorbenuiting van waterhulpbronne – brongerigte maatreëls

Dit is nie moontlik om alle waterbesoedeling heeltemal te vermy nie, maar dit is moontlik om besoedeling te bestuur sodat waterhulpbronne nog behoorlik sal funksioneer. Brongerigte maatreëls sal besoedeling en die oorbenuiting van waterhulpbronne bekamp. Hulle sal byvoorbeeld beheer hoeveel water uit die hulpbron onttrek word. Hulle sal ook beheer wat deur nywerhede se afvalwaterpype gestort mag word. Dit sal op verskeie maniere gedoen word:

- **Terreinspesifieke maatreëls.** Nywerhede, myne, riool behandelingsaanlegte en ander bedrywighede wat afvalwater voortbring, sal vir 'n lisensie moet aansoek doen voordat hulle toegelaat sal word om afvalwater in 'n waterhulpbron te stort.
- **Beste bestuurspraktyke.** Dié praktyke sal dwarsdeur die land van toepassing wees, soos standarde om die wegdoen van afval te reguleer.
- **Spesiale maatreëls,** soos strategieë vir die bestuur van opvanggebiede.

7.3 Hoe besluite oor watergehalte en besoedelingsbeheer geneem word.

Die Departement neem stap vir stap besluite oor watergehalte en besoedelingsbeheer.

Die eerste stap is die **voorkoming van besoedeling**. 'n Watergebruiker soos 'n nywerheid moet toon dat hy alle redelike en praktiese stappe gedoen het om afval te voorkom wat waterbesoedeling sal veroorsaak.

Die tweede stap is om **besoedeling sover moontlik te verminder**. Watergebruikers kan dit nie altyd vermy om afval te produseer nie. Die Nasionale Waterwet bepaal egter dat afvalwater so ver moontlik hersirkuleer moet word, of dit moet behandel word om van die besoedeling ontslae te raak. Die Departement moedig skoner produksietegnologieë en goeie toepassingspraktyke ook sterk aan.

Die derde stap kan gedoen word slegs nadat alle ander maatreëls getref is om besoedeling te voorkom of te verminder, en net as daar geen ander alternatief is nie. Die wegdoening of storting van afvalwater kan dan toegelaat word, maar net op sekere voorwaardes en net as die rivier of stroom waarin die afvalwater losgelaat gaan word, genoeg water sal hê om die afvalwater te kan hanteer.

Party brongerigte maatreëls bestaan reeds.

Algemene Magtigings bevat die voorwaardes vir algemeen gemagtigde watergebruik.

Algemene Magtigings vir die uitneem van water uit 'n waterhulpbron, die opgaar van water, stroomvloeiverminderingsaktiwiteite en die uitlaat van afval of water wat afval bevat in 'n waterhulpbron is in 1999 gepubliseer. Algemene Magtigings vir ander watergebruike sal ontwikkel word waar nodig en waar doenlik.


Vir die wegdoen van afval is die Departement se Minimum Vereistes vir die Wegdoen van Afval van toepassing. Vir die uitlaat van water wat afval bevat, is die Algemene en Spesiale Standaard en die Spesiale Standaard vir Fosfaat van toepassing.

Wanneer waterlisensies uitgereik word (kyk Afdeling 8.1 van hierdie dokument), sal elke lisensie 'n stel voorwaardes hê.

Hierdie voorwaardes sal ook brongerigte maatreëls bepaal.

8. HOE SAL WATERGEBRUIKERS TOESTEMMING KRY OM WATER TE GEBRUIK?

Die grootste watergebruikers is ook dié met die grootste risiko van 'n negatiewe invloed op waterhulpbronne. Dit sluit in die landbou, mynbou, nywerhede, stedelike gebiede en nedersettings.



Ingevolge Hoofstuk 4 van die Nasionale Waterwet moet alle watergebruik "gemagtig" word. Met ander woorde, mense moet toestemming kry om water te gebruik. Daar moet reëls wees om water oordeelkundig te gebruik (sien Figuur 7).

Mense kan op verskeie maniere deur die Departement gemagtig word om water te gebruik. **Mense wat klein hoeveelhede water gebruik vir huishoudelike doeleindes, om tuine nat te spuit en vir diere (nie vir kommersiële doeleindes nie) of wat reënwater van 'n dak opgaar en gebruik, het reeds toestemming om water te gebruik.** Die Nasionale Waterwet noem hulle "Bylae 1-gebruikers".

Groot hoeveelhede water, of 'n watergebruiker wat 'n negatiewe invloed op die waterhulpbron kan hê, soos 'n nywerheid wat afvalwater in 'n waterhulpbron stort, moet gemagtig word. Dit kan op drie maniere gedoen word:

- Algemene Magtigings, waar 'n gebruiker water kan gebruik sonder 'n lisensie, mits die watergebruik binne die voorwaardes van die Algemene Magtiging val.
- Voortsetting van bestaande wettige gebruik is. Dit is enige wettige watergebruik kragtens enige wet tussen 1 Oktober 1996 en 31 September 1998, totdat sulke gebruikers gelisensieer word.
- Lisensies (sien hieronder).

Gemagtigde watergebruikers sal die water kan gebruik, maar hulle sal ook die verantwoordelikheid hê om die water in ooreenstemming met die voorwaardes van die magtiging aan te wend. Hierdie voorwaardes sal die omgewing beskerm en sal die behoeftes van ander watergebruikers in ag neem.

8.1 Lisensiëring

'n Waterlisensie is 'n regsdocument. Dit maak 'n persoon daarop geregtig om water te gebruik binne die voorwaardes van die lisensie.

Hierdie voorwaardes moet ten minste elke vyf jaar hersien word. 'n Lisensie kan vir hoogstens 40 jaar uitgereik word.

Belangrike dinge om oor lisensies te weet


- Die Departement kan 'n lisensie terugtrek indien die gebruiker die voorwaardes van die lisensie oortree.
- Veranderinge aan die voorwaardes van 'n persoon se lisensie kan aangebring word slegs as die voorwaardes vir alle ander lisensies vir 'n soortgelyke watergebruik of uit dieselfde waterhulpbron ook verander word.
- Die tydskuur waarvoor 'n lisensie geldig is, kan nie verander word nie, maar dit kan op hersiening verleng word met die duur van 'n hersieningstydperk, wat 'n maksimum van vyf jaar sal wees.

'n Proses vir aansoeke vir individuele lisensies en die evaluering daarvan is tans aan die gang, maar dit sal in die volgende twee jaar gestroomlyn word.

Magtiging (toestemming) om water te gebruik

Magtiging vir die gebruik van water is een van die instrumente wat ons sal help om water oordeelkundig te gebruik, deur waterhulpbronne terselfdertyd te gebruik en te beskerm.

Eenvoudig gestel: iemand kan water gebruik slegs as dit ingevolge die Nasionale Waterwet gemagtig is. Dit gebeur slegs nadat water opsy gesit is vir die Reserwe, vir internasionale verpligtinge en vir strategiese gebruike soos water vir kragopwekking en wateroordrag (sien Figuur 6, wat die Reserwe verduidelik).




Figuur 7. Die Nasionale Waterwet lê reëls neer om water oordeelkundig te gebruik. Hierdie reëls bepaal dat hoe groter die risiko van 'n potensiele negatiewe invloed op 'n waterhulpbron, hoe strenger die reëls vir die gebruik van daardie water sal wees.

8.2 Verpligte lisensiëring

Die Departement sal op die verpligte lisensiëring van watergebruikers aandring in gebiede waar daar dalk nie genoeg water vir alle gebruikers sal wees nie, of waar die watergehalte reeds swak is. In sulke gebiede sal alle bestaande en potensieële watergebruikers, uitgesonderd Bylae 1-gebruikers en gebruikers kragtens Algemene Magtigings, vir lisensies moet aansoek doen.


Die proses van die evaluering van aansoeke vir lisensies sal verseker dat almal billik en op gelyke grondslag oorweeg sal word vir toegang tot water en dat water op die doeltreffendste en voordeligste manier toegewys sal word.



Figuur 8. Die skedule vir verpligte lisensiëring in die verskillende waterbestuursgebiede.

8.3 Registrasie van watergebruik

Die Departement moet weet watter watergebruik uit verskillende waterhulpbronne plaasvind en hoeveel water gebruik word. Met hierdie inligting kan die Departement waterhulpbronne doeltreffend beplan, ontwikkel en bestuur om watergebruikers en waterhulpbronne self te beskerm. Om dié rede is watergebruikers reeds versoek om hulle watergebruik te registreer as hulle water onttrek en opgaar, of as hulle stroomvloeivermindering veroorsaak (kommersiële bosbou). Die formele proses vir sodanige registrasie het in Junie 2001 ten einde geloop en die meeste sodanige watergebruikers is geregistreer. Ongeregistreerde gebruikers kan nog aansoek doen vir laat registrasie. Ander watergebruikers sal mettertyd geregistreer word.



U hoef *NIE* u watergebruik te registreer nie indien –

- u 'n Bylae 1-gebruiker is (met ander woorde, as u water net vir huishoudelike doeleindes of ander klein gebruike gebruik);
- u water van 'n plaaslike owerheid, 'n waterraad of enige ander waterdiensverskaffer kry (hierdie instellings sal self registreer);
- u watergebruik kragtens 'n Algemene Magtiging gemagtig is en registrasie spesifiek uitgesluit is;
- 'n lisensie aan u uitgereik is (die lisensieregistrasievorms bevat reeds al die nodige inligting vir registrasie), en
- u 'n lid van 'n watergebruikersvereniging is.

9. VOORSIENING IN DIE VRAAG NA WATER

Namate die vraag na water toeneem, sal ons die aanvraag by die beskikbare water moet aanpas. Ons sal 'n mengsel van strategieë moet gebruik, elk met verskillende koste, tyd en moeite. Dit sluit in:

- Watervraagbestuur en waterbewaring (kyk hieronder).
- Die bestuur en bewaring van die oppervlakwaterhulpbronne.
- Die ontwikkeling van oppervlakwaterhulpbronne, soos om damme te bou.
- Die uitroeiing van uitheemse indringerplantegroei, soos deur die Werk vir Water-program, om die beskikbare water in rivieropvanggebiede te vermeerder.
- Die hergebruik van water, soos 'n nywerheid wat sy eie afvalwater hergebruik.
- Die hertoewysing van water, soos waar mense wat baie water gebruik, 'n deel daarvan sal moet afstaan aan ander wat nie genoeg het nie.
- Die oorplasing van water van gebiede met baie water na gebiede waar water skaars is.
- Die bestuur van watergehalte en besoedelingsbeheer, soos in Afdeling 7.3 verduidelik.
- Voldoening aan die vereistes van die Reserwe, soos in Afdeling 7.1 verduidelik.

9.1 Waterbewaring en watervraagbestuur

In die verlede het die Departement water oorgeplaas van gebiede met volop water na gebiede met min water, of groot damme gebou of toegelaat dat groot damme gebou word om seker te maak dat daar genoeg water sal wees om in die behoeftes van watergebruikers te voorsien. Selfs hierdie maatreëls is nie meer genoeg nie. Die rede hiervoor is dat water skaarser word namate die land se bevolking groei en toenemende waterbehoefte van nywerhede, die landbou, die mynbou en diesmeer ontstaan.

Die Nasionale Waterhulpbronstrategie bied 'n nuwe benadering, wat waterbewaring en watervraagbestuur genoem word. Baie mense kan minder water gebruik deur hulle gedrag te verander en deur water te bespaar. Ons sal dit soos volg doen:

- Waterinstellings soos plaaslike owerhede wat water aan gebruikers verskaf, moet dit doeltreffend doen, met die minimum waterverliese (byvoorbeeld, maak seker dat waterverspreidingspype nie lek nie) en hulle moet waterbewaring onder hulle watergebruikers bevorder.
- Alle watergebruikers moet water doeltreffend gebruik en moet dit nie mors nie. Byvoorbeeld, maak krane behoorlik toe, maak lekkende pype reg, gebruik net soveel as wat jy werklik nodig het.
- Waterbewaring moet deel van die beplanning van waterhulpbronne en waterdienste wees.

Die Departement sal veldtogte van stapel stuur om die publiek bewus te maak van die behoefte om water te bewaar, opvoeding in skole gebruik en waterinstellings aanmoedig om waterbewaring te beoefen en te bevorder. Elke sektor, soos landbou, nywerheid, kragopwekking en mynbou, sal sy eie strategieë vir waterbewaring en watervraagbestuur ontwikkel. Die Departement kan ook die voorwaardes van watergebruikslisensies gebruik om vereistes vir waterbewaring te spesifiseer.

10. WATERPRYSE EN FINANSIËLE BYSTAND

10.1 Waarom moet daar vir waterbestuur betaal word?

Namate meer watergebruikers water gebruik, is daar meer uitdagings vir die bestuur van waterhulpbronne. Gevolglik styg die koste van die monitering en bestuur, ondersoek en beplanning, ontwerp en konstruksie van nuwe damme, bedryf en instandhouding van waterwerke, waterverspreiding, beskerming van waterhulpbronne en ander bestuursaktiwiteite.

Om hierdie redes maak die Nasionale Waterwet voorsiening vir 'n Prysstrategie vir Watergebruiksvorderings (Hoofstuk 5 van die Nasionale Waterwet). Na wye oorlegpleging is die Prysstrategie in November 1999 gepubliseer (Goewermentskennisgewing No. 1353). Die Prysstrategie bepaal dat 'n deel van die koste van waterbestuur van watergebruikers verhaal moet word.

Daar is baie voordele verbonde aan waterbewaring en Watervraagbestuur.

Gebruikers sal die waarde van water as 'n skaars hulpbron besef.

Meer water sal vir ander gebruikers beskikbaar wees.

Betaling vir nuwe infrastruktuur kan uitgestel word, en daar sal dus minder stygings in die koste van water wees.



Watergebruikers gebruik water tot hulle voordeel, en in die toekoms sal hulle daarvoor moet betaal. Debitering vir vorderings vir die bestuur van waterhulpbronne het in 2002 begin.

10.2 Watter waterbestuurskoste sal watergebruikers moet betaal?

Daar is drie kategorieë invorderings, naamlik die volgende:

'n **Invordering vir waterhulpbronbestuur.** Dit sluit in bestuursaktiwiteite soos die bestuur van watergebruik, watergehaltebeheer, damveiligheidsbeheer en waterbewaring (insluitende die Werk vir Water-program vir die bestryding van uitheemse indringerplante).

'n **Invordering vir waterhulpbronontwikkeling en die gebruik van waterwerke.** Die kapitaalkoste hiervoor vir die volgende 25 jaar kan sowat R12 miljard beloop, plus ongeveer R530 miljoen per jaar vir ander koste soos die rehabilitasie en herstel van bestaande waterwerke.

Hierdie invordering sal fondse verskaf vir aktiwiteite soos die beplanning, ontwerp, ontwikkeling, bedryf, instandhouding en verbetering van Staatswaterskemas en skemas wat deur waterbestuursinstellings befonds word. Die volle bedryfs- en instandhoudingskoste sal ingefaseer word en sal deur alle gebruikers betaal word, insluitende die landbou. 'n Depresiasieinvordering vir alle gebruikers sal ingefaseer word. 'n Invordering vir opbrengs op bates sal betaalbaar wees deur die waterdiensowerhede, asook die nywerheids-, mynbou- en energie-sektore.

Invorderings vir afvalstorting. Hierdie invordering sal in die toekoms ingestel word volgens die beginsel van "die besoedelaar betaal". Dit sal aansporings en ontmoedigings insluit om –

- te verseker dat die koste van besoedeling so ver moontlik deur die besoedelaar gedra word en nie deur ander watergebruikers wat benadeel kan word deur die negatiewe invloed van afval op waterhulpbronne nie;
- die vermindering van afvalstorting aan te moedig; en
- doeltreffende watergebruik te bevorder.

10.3 Wie sal invorderings vir waterhulpbronbestuur moet betaal en wie nie?

U hoef **NIE hierdie vorderings te betaal nie** indien u 'n Bylae 1-gebruiker is, dit is mense wat water regstreeks uit die hulpbron vir beperkte huishoudelike doeleindes gebruik, om tuine nat te spuit en vir diere (nie vir kommersiële doeleindes nie) of wat reënwater van 'n dak opgaar en gebruik.



Watergebruikers wat hulle water van 'n waterdiensvervaardiger ontvang, of wat afvalwater of stormwater in rioolstelsels stort wat beheer word deur persone of munisipaliteite wat gemagtig is om hierdie afvalwater te suiwer, te behandel of weg te doen, sal nie regstreeks aan die Departement betaal nie. Hulle sal egter steeds betaal aan die owerheid wat die water verskaf of wat die afvalbehandelingsfasiliteit bestuur.

Die volgende watergebruikers sal die invorderings vir waterhulpbronbestuur **moet betaal**:

- Watergebruikers wat water regstreeks uit 'n waterhulpbron kry, soos 'n rivier of grondwater.
- Komersiële bosbou-eienaars, vir die hoeveelheid water waarmee hulle bosbouplantasies die afloop na strome en riviere verminder.



10.4 Wie sal die invorderings bepaal, en hoe?

Die koste van waterbestuur verskil in verskillende gebiede, afhangende van die plaaslike omstandighede. Opvanggebiedbestuursagentskappe (sien Afdeling 11) in elk van die 19 waterbestuursgebiede sal verantwoordelik wees vir die bepaling van die invordering vir waterbestuur en die invordering vir die wegdoen van water wat afval bevat in waterhulpbronne. Die invorderings vir watergebruik en afval sal wissel tussen die waterbestuursgebiede en kan ook wissel tussen verskillende sektore (bv landbou, nywerheid, bosbou), afhangende van plaaslike behoeftes en omstandighede.

10.5 Finansiële bystand

Finansiële bystand sal op twee maniere aan watergebruikers verleen word. Die Departement sal alle invorderings vir water uit Staatswaterskemas aan opkomende besproeiingsboere subsidieer vir 'n tydperk van vyf jaar na die aanvang van besproeiing.

Subsidies vir kapitaalkoste is beskikbaar vir opkomende boere wat lede van watergebruikersverenigings is vir die bou of instandhouding van gemeenskaplike waterwerke. Bedryfssubsidies sal vir die eerste jaar beskikbaar wees vir watergebruikersverenigings wat die bedryf en instandhouding van Staatswaterskemas oorneem.

11. WATERBESTUURSINSTELLINGS

Hoewel die Minister van Waterwese en Bosbou namens die regering die openbare trustee van waterhulpbronne is en oorkoepelend verantwoordelik is vir alle aspekte van waterbestuur, sal die verantwoordelikheid en gesag vir waterbestuur uiteindelik op plaaslike vlak wees.

Vir hierdie doel maak die Nasionale Waterwet in Hoofstukke 7, 8 en 9 voorsiening vir verskillende waterbestuursinstellings, elk met spesifieke funksies.

Tans is die Departement verantwoordelik vir die administrasie van alle aspekte van die Nasionale Waterwet namens die Minister. Die Departement se rol sal verander wanneer plaaslike waterbestuursinstellings gevestig word en die verantwoordelikheid en gesag vir die bestuur van waterhulpbronne aan hulle gedelegeer of oorgedra word. Die Departement se uiteindelige rol sal wees om die nasionale beleid en reguleringsraamwerk vir die bestuur van waterhulpbronne te verskaf en om seker te maak dat ander instellings doeltreffend is.

Die idee agter waterbestuursinstellings is dat watergebruikers en mense wat geraak word deur hoe die water toegeken word, inspraak behoort te hê in hoe waterhulpbronne in hulle gebied bestuur word.

Die idee agter waterbestuursinstellings is dat watergebruikers en mense wat geraak word deur hoe die water toegeken word, inspraak behoort te hê in hoe waterhulpbronne in hulle gebied bestuur word.

11.1 Opvanggebiedbestuursagentskappe (OBA's)

Soos op die kaart in Figuur 3 gesien kan word, is Suid-Afrika in 19 waterbestuursgebiede verdeel. Opvangsgebiedbestuursagentskappe (OBA's) sal in elke gebied in beheer van die bestuur van waterhulpbronne wees. OBA's sal ook die bedrywighede van watergebruikers en ander waterbestuursinstellings in hulle gebiede koördineer. Die Nasionale Waterwet vereis dat OBA's opvangsgebiedbestuurstrategieë vir hulle gebiede opstel.

OBA's sal formeel ingestel word deur 'n deelnemende proses met die publiek. Hierdie proses het reeds in die meeste van die 19 waterbestuursgebiede begin. OBA's kan óf op die Minister se inisiatief ingestel word óf omdat 'n groep mense in die opvangsgebied 'n voorstel aan die Minister met volle openbare oorlegpleging opgestel het. Die voorstel moet byvoorbeeld besonderhede insluit van die grense waarbinne die OBA sal funksioneer, inligting oor die waterhulpbronne, bestaande infrastruktuur en watergebruikers in die gebied, hoe hulle bestuur sal word en hoe die voorgestelde OBA vir homself sal betaal. 'n OBA sal funksioneel word sodra 'n beheerraad deur die Minister aangestel is. Lede van die beheerraad word aanbeveel deur 'n advieskomitee wie se lede deur watergebruikers in die opvangsgebied benoem word.

11.2 Watergebruikersverenigings

Watergebruikersverenigings is groepe individuele watergebruikers wat waterverwante aktiwiteite op plaaslike vlak tot hulle gesamentlike voordeel wil onderneem, soos besproeiingsboerdery, of om watergehalte te bestuur. Hulle funksioneer ingevolge 'n formele grondwet soos uiteengesit in riglyne wat deur die Departement opgestel is. Hulle moet finansiële selfversorgend wees uit vorderings op watergebruik wat ingevolge die prysstrategie bepaal word en deur lede betaal moet word.

Voormalige besproeiingsrade sal oor die volgende twee jaar in watergebruikersverenigings omvorm word. Terselfdertyd kan hulle hulle bedryfsgebiede vergroot, en moet hulle verteenwoordigend van alle watergebruikers in die gebiede wees. Nuwe watergebruikersverenigings kan gestig word wanneer die behoefte ontstaan.

11.3 Ander instellings in waterbestuur

- Advieskomitees, wat deur die Minister vir bepaalde doeleindes ingestel word (bv om die lede van die beheerraad van 'n OBA aan te beveel).
- Forums, waarvoor die Wet nie voorsiening maak nie, maar wat beduidende bydraes tot die bestuur van waterhulpbronne gelewer het, deur die deelname van belanghebbendes aan te moedig.
- Instellings vir infrastruktuurontwikkeling, soos die bou van damme en wateroordragskemas.
- Instellings vir internasionale waterbestuur, wat ingestel is vir die bestuur van die riviere wat ons met ander lande deel.
- Die Watertribunaal, wat 'n onafhanklike liggaam is met die mandaat om appél teen administratiewe besluite oor byvoorbeeld watertoewysing aan te hoor en daaroor te beslis (Hoofstuk 15 van die Nasionale Waterwet). Die Watertribunaal is 'n regsinstelling en het 'n belangrike rol om te verseker dat die regering gesonde administratiewe besluite neem. Die publiek het die reg op appél na die Tribunaal as hulle ontevrede met 'n waterbestuursinstelling se besluit oor water is.

Opmerking: Waterdienste-instellings verskaf water en sanitasie aan gebruikers en val onder die Waterdienstewet van 1997 (WDW).

12 TOETS HOE GOED ONS VAAR – MONITERING EN INLIGTING

Monitering beteken dat die gehalte en vloei van water in 'n rivier, dam, vleiland of ondergrondse hulpbron gereeld nagegaan word. Dié inligting word in inligtingstelsels ingevoer.

Inligtingstelsels word gebruik om inligting oor waterhulpbronne te berg sodat dit maklik gebruik en verstaan kan word deur waterbestuurders en besluitnemers.

Waterhulpbronbestuurders kan nie die regte besluite op grond van die verkeerde inligting of onvoldoende inligting neem nie. Ons moet ook deurlopend toets of ons ons oogmerk van die oordeelkundige gebruik van water bereik.

Hoewel die Departement nog altyd waterhulpbronne gemoniteer het, vereis Hoofstuk 14 van die Nasionale Waterwet nou die instelling van moniteringstelsels en inligtingstelsels vir alle aspekte van waterhulpbronne.

Die Nasionale Waterhulpbronstrategie sal op twee maniere uitvoering aan hierdie vereistes gee: deur die land se huidige moniteringsnetwerk uit te brei en deur inligtingstelsels te ontwikkel en te verbeter.

12.1 Moniteringstelsels

Die Departement moniteer reeds watergehalte in die land op 'n deurlopende grondslag, vir sowel oppervlak- as grondwater, maar die netwerk moet uitgebrei word om ander aspekte soos bakterieë, radioaktiwiteit en toksiese stowwe te moniteer. Deur monitering word nagegaan of individuele watergebruikers hulle lisensievoorwaardes nakom en of die gehalte van die waterhulpbron ooreenkom met die hulpbrongehalte-oogmerke wat vir die hulpbron gestel is. Regstellende maatreëls word dan getref, insluitende vervolging waar nodig.

Ofskoon Suid-Afrika 'n uitstekende netwerk het om watergehalte te moniteer, sal ons die nasionale moniteringsnetwerk moet verbeter en uitbrei om aan die vereistes van die Nasionale Waterwet te voldoen. Die bestaande biologiese moniteringstelsel sal ook uitgebrei moet word.

12.2 Inligtingstelsels

Die Departement is besig om sy inligtingstelsels te hersien en aan te pas. Die soorte inligting wat beskikbaar moet wees, sluit in oppervlakwatervloei, oppervlakwatergehalte, die gehalte en hoeveelheid grondwater, watergebruik en magtiging daarvoor. Nasionale stelsels sal ontwerp word sodat opvangsgebiedbestuursagentskappe, wanneer hulle ingestel is, die verantwoordelikheid kan aanvaar vir die bestuur van inligting in hulle waterbestuursgebiede, asook toegang kan hê tot inligting van aangrensende gebiede. Die Departement se vier vernaamste inligtingstelsels handel oor oppervlakwater, grondwater, watergehalte en die bestuur van magtigings vir watergebruik.



Die inligting in die Departement se inligtingstelsels is tot die publiek se beskikking. Voorts vereis die Nasionale Waterwet van enige persoon om, op versoek van die Minister, inligting te verstrek om te help met die bestuur en beskerming van waterhulpbronne. Regulasies in dié verband mag opgestel word.

13. OPENBARE VEILIGHEID

Die Departement is verantwoordelik vir die bestuur van vloede, damveiligheid, droogtes en besoedeling, insluitende besoedeling wat kan lei tot siektes soos cholera. Vloede as gevolg van buitengewoon hoë reënval of damswigting, droogte en die besoedeling van water as gevolg van toksiese stowwe en bakterieë en virusse wat siektes kan veroorsaak kan rampspoedige gevolge hê.

In die verlede het die land rampe hanteer terwyl hulle plaasvind, of die gevolge daarvan. In die toekoms gaan daar veel meer proaktiewe rampbestuur wees om mense teen natuurrampe en teen rampe as gevolg van menslike aktiwiteite te beskerm, en om die gevolge van sulke rampe te beperk.

Hierdie proaktiewe benadering spruit voort uit die nuwe Wet op Nasionale Rampbestuur, wat in 2002 deur die Parlement geloods gaan word. Hierdie Wet bepaal dat die land baie beter voorberei moet wees om rampe te hanteer. Die Wet bepaal ook dat ons die risiko van die voorkoms van rampe moet verminder, die omvang van die gevolge wanneer rampe wel plaasvind, asook die kwesbaarheid van gemeenskappe veral die armes en benadeeldes, moet verminder.

Die Departement gaan 'n vennoot wees in die Nasionale Rampbestuursraamwerk wat ingestel gaan word en sal verantwoordelik wees vir die opstel van die waterverwante komponent daarvan. Vir hierdie doel staan die Departement aan die hoof van die ontwikkeling van 'n atlas om aan te toon watter gebiede in die land kwesbaarder vir natuurrampe is. Die Departement stel ook ondersoek in na 'n toegewyde openbare veiligheidseenheid om rampe en noodgevälle te hanteer wat in waterhulpbronbestuur, waterdienste en bosbou kan ontstaan.

14. WANNEER GAAN DIE NASIONALE WATERHULPBRONSTRATEGIE GEÏMPLEMENTEER WORD?

Implementering het reeds begin, en dit sal oor die volgende ongeveer 25 jaar stapsgewys voortduur. As die omvang en ingewikkeldheid van baie van die aktiwiteite in ag geneem word, is die voorgestelde program nie rigied nie.

Die program sal hersien word in die lig van ondervinding tydens die vyfjaartydperk van hierdie eerste uitgawe van die Nasionale Waterhulpbronstrategie, en sal gewysig word na kommentaar van die publiek ontvang is. Dit sal elke vyf jaar hersien word. Aktiwiteite vir implementering word hieronder beskryf.

14.1 Aktiwiteite rakende instelling en inbedryfstelling

Aktiwiteite rakende instelling en inbedryfstelling is nuwe vereistes van die Nasionale Waterwet en sal net een keer gedoen word. Dit word in Tabel 1 genoem saam met hulle tydraamwerke.

Tabel 1. Tydraamwerk vir aktiwiteite rakende instelling en inbedryfstelling. Party hiervan het reeds begin. Die verwagte voltooiingsdatums word ook in die tabel getoon.

Aktiwiteit	Verwagte voltooiingsdatum
Verpligte lisensiëring	Tussen 2007 en 2020, afhangende van die WBG*
Instelling van opvangsgebiedbestuursagentskappe	Tussen 2003 en 2011, afhangende van die WBG
Delegering van funksies en oordrag van infrastruktuur aan waterbestuursinstellings	Tussen 2005 en 2012, afhangende van die WBG
Instelling van nuwe watergebruikersverenigings	Tussen 2002 en 2003, afhangende van die WBG
Uitbreiding van moniteringsnetwerke	Tussen 2007 en 2012, afhangende van die WBG
Ontwikkeling van inligtingstelsels	Tussen 2002 en 2007, afhangende van die WBG

• WBG – Waterbestuursgebied (sien Figuur 3 hierbo).

14.2 Ontwikkeling van fisiese infrastruktuur

Die Departement het ondersoek ingestel na die noodsaaklikheid van die bou van verskeie damme en, waar nodig, infrastruktuur soos pompstasies, pyleidings en kanale, om in toekomstige waterbehoefte te voorsien (sien Tabel 2). Die totale geraamde koste van hierdie skemas beloop bykans R12 miljard oor die volgende 25 jaar. Dit sluit in die oordrag van bykomende water na die Vaalrivierstelsel en na die Richardsbaaigebied, asook vir moontlike nuwe behoeftes en ontwikkelings.

Tabel 2. Moontlike toekomstige grootskaalse ontwikkeling van waterhulpbronne

Naam van Dam / Skema	Rivier	Gebruik	Vroegste moontlike voltooiingsdatum
Tzaneendam-verhoging en nWamitwadam	Letaba	Besproeiing, huishoudelik	2007
Embianedam	Swart Mfolozi	Besproeiing, huishoudelik	2009
Vioolsdrifdam	Oranje	Besproeiing, beter bedryf van Oranjerivier-stelsel	2012
Clanwilliamdam-verhoging	Olifants	Besproeiing	2009
Melkboomdam	Doring	Besproeiing	2011
Flag Boshielodam-verhoging	Olifants	Mynbou, stedelik, nywerheid in Olifants- en Limpopo-WBG's	2005
Rooipoortdam	Olifants	Mynbou, huishoudelik (stedelik en landelik)	2010
De Hoopdam	Steelport	Mynbou, huishoudelik	2008
Mountain Viewdam	Kaap	Huishoudelik, besproeiing	2012
Boekenhoutrand	Komati	Kragopwekking, besproeiing	2012
Springgrovedam en waterleiding	Mooi	Oordrag na Umgenistelsel Stedelik, nywerheid	2010
Kliprivierdam	Kliprivier	Stedelik, nywerheid, kragopwekking	2009
iSithundudam	Mvoti	Meerdoelig	2008
Grobbelaarsdam	Grobbelaars	Stedelik, nywerheid	2010
Berg-waterprojek	Berg	Stedelik, nywerheid	2008
Voëlvleidam-verbetering	Berg	Stedelik, nywerheid	2015

14.3 Ontwikkeling van internasionale waterdeelooreenkomste

Suid-Afrika deel vier belangrike rivieropvangsgebied met ses buurlande.


- Die Oranje-Senqu-stelsel word met Lesotho en Namibië gedeel.
- Die Limpoporivier word met Botswana, Zimbabwe en Mosambiek gedeel.
- Die Incomati-stelsel word met Swaziland en Mosambiek gedeel.
- Die Usutu/Pongola-Maputo-stelsel word met Mosambiek en Swaziland gedeel.

Die Departement beoog om teen 2010 gesamentlike opvangsgebiedstudies met die ander lande af te handel en om formele ooreenkomste te sluit om internasionale waterbestuursinstellings te vestig om die opvanggebiede te bestuur.

15. U KOMMENTAAR IS BELANGRIK

Ons kan ons visie vir die doeltreffende bestuur van waterhulpbronne nie oornag verweselik nie – die Nasionale Waterhulpbronstrategie dui die weg aan vir die volgende 20 tot 25 jaar. Ons sal, stap vir stap en met verloop van tyd, die werklike, konkrete elemente van ons visie verweselik.

Dit is alle Suid-Afrikaners, dié in die owerheid, dié in waterbestuursinstellings en alle ander watergebruikers, se taak om aan hierdie nasionale poging mee te werk. U kommentaar op die voorgestelde Strategie is dus belangrik.



Vergaderings vir oorlegpleging met die publiek

U word aangemoedig om een of meer van die vergaderings hieronder by te woon.

Hierdie vergaderings sal aan belanghebbendes meer inligting verskaf oor die inhoud van die Nasionale Waterhulpbronstrategie en die huidige en toekomstige watersituasie in hulle waterbestuursgebiede (WBG's). Op hierdie vergaderings kan belanghebbendes kwessies opper en/of kommentaar lewer.

Elke vergadering vir oorleg met die publiek sal 'n oop sessie hê waar Departementele personeel visuele materiaal sal gebruik om tegniese aspekte van die Strategie in eenvoudige terme en in toepaslike moedertale te verduidelik. As u of u vriende / kollegas een van hierdie vergaderings wil bywoon, moet u asb die ingeslote registrasievorm invul en dit aan die Kantoor vir Openbare Oorlegpleging terugstuur.

Tabel 3. Skedule van Vergaderings vir Openbare Oorlegpleging in WBG's

WBG NO	WBG	DATUM	WAAR
1	Limpopo	29 Oktober 2002	Polokwane
2	Luvubu/Letaba	30 Oktober 2002	Thohoyandou
3	Krokodil (Wes) Mariko	17 September 2002 18 September 2002	Midrand Rustenburg
4	Olifants	1 Oktober 2002	Witbank
5	Mpumalanga	3 Oktober 2002	Nelspruit
6	Usutu tot Mhlatuze	19 November 2002 20 November 2002	Richardsbaai Vryheid
7	Thukela	16 Oktober 2002	Ladysmith
8	Bo-Vaal	19 September 2002 20 September 2002	Vereeniging Carletonville
9	Middel-Vaal	8 Oktober 2002	Welkom
10	Benede-Vaal	29 Oktober 2002	Kimberley
11	Mvoti tot Umzimkulu	15 Oktober 2002	Pietermaritzburg
12	Mzimvubu tot Keiskamma	26 September 2002 27 September 2002	Oos-Londen Umtata
13	Bo-Oranje	10 Oktober 2002	Bloemfontein
14	Benede-Oranje	31 Oktober 2002 7 November 2002	Upington Springbok
15	Vis tot Tsitsikamma	22 Oktober 2002	Port Elizabeth
16	Gouritz	24 Oktober 2002	Oudtshoorn
17	Olifants/Doorn	13 November 2002	Clanwilliam
18	Breë	3 Oktober 2002	Worcester
19	Berg	2 Oktober 2002	Stellenbosch

Openbare plekke waar die volledige weergawe van die Voorgestelde Nasionale Waterhulpbronstrategie beskikbaar sal wees vir kommentaar van laat Augustus 2002 tot Vrydag 31 Januarie 2003

OOS-KAAP

DWB-gebiedskantoor: Cradock
DWB-gebiedskantoor: Oos-Londen
DWB-streekkantoor: King William's Town
DWB-gebiedskantoor: Port Elizabeth
DWB-gebiedskantoor: Umtata
Openbare Biblioteek Grahamstad

VRYSTAAT

Stadsbiblioteek Bloemfontein
DWB-streekkantoor: Bloemfontein
Openbare Biblioteek Welkom

GAUTENG

Biblioteek Carletonville
DWB-hoofkantoor: Pretoria
DWB-streekkantoor: Pretoria
DWB-gebiedskantoor: Potchefstroom
Biblioteek Johannesburg / Germiston
Biblioteek Soweto

KWAZULU-NATAL

Openbare Biblioteek Dundee
DWB-streekkantoor: Durban
Openbare Biblioteek Empangeni
Natal Society-biblioteek Pietermaritzburg
Openbare Biblioteek Newcastle
Openbare Biblioteek Richardsbaai

LIMPOPO

DWB-streekkantoor: Polokwane
Openbare Biblioteek Louis Trichardt
Openbare Biblioteek Mussina
Openbare Biblioteek Phalaborwa
Openbare Biblioteek Thohoyandou
Openbare Biblioteek Tzaneen

MPUMALANGA

AWARD NRO-kantoor (Acornhoek)
Openbare Biblioteek Barberton
DWB-gebiedskantoor: Groblersdal

MPUMALANGA

DWB-streekkantoor: Nelspruit
DWB-kantore: Tonga, Malekutu, Eerstehoek
Mvula NRO-kantoor (Nelspruit)
Openbare Biblioteek Groblersdal
Mzinti-landbousentrum
Openbare Biblioteek Nelspruit
Openbare Biblioteek Secunda
Openbare Biblioteek Witbank

NOORD-KAAP

Calvinia Hantam-munisipaliteit se kantore
De Aar Emthanjeni-munisipaliteit se kantore
DWB-streekkantoor; Kimberley
DWB-gebiedskantoor: Upington
Namakwa-disktriksmunisipaliteit se kantore
Noord-Kaapse Landbou-unie, Upington
Openbare Biblioteek Prieska
Openbare Biblioteek Springbok

NOORDWES

DWB-gebiedskantoor: Hartbeespoortdam
DWB-streekkantoor: Mmabatho
Openbare Biblioteek Groot Marico
Openbare Biblioteek Klerksdorp
Openbare Biblioteek Lichtenburg
Openbare Biblioteek Rustenburg
Openbare Biblioteek Vryburg

WES-KAAP

Openbare Biblioteek Beaufort-Wes
DWB-streekkantoor: Bellville
DWB-gebiedskantoor: Clanwilliam
DWB-gebiedskantoor: Worcester
Openbare Biblioteek Caledon
Openbare Biblioteek George
Openbare Biblioteek Hermanus
Openbare Biblioteek Lambertsbaai
Parlementsbiblioteek in Kaapstad
Openbare Biblioteek Oudtshoorn
Witzenberg- munisipaliteit